WIETA *Newsletter*

Quarter 2 |
June 2017

wieta
Wyn en Landbou Etiese Handel Vereniging

Nuwe Beleidsontwikkelings in Etiese Risikoverligting

WIETA het in die laaste paar maande introspeksie gedoen oor die impak wat die dokumentêr *Bitter Grapes* gehad het op die WIETA etiese sertifiseringskema- en -seëlintegriteit vir ons lede. Die kwessie van verligting van risiko in wynverskaffingskettings het veral onder die soeklig gekom vir ons asook die wyer wynbedryf.

WIETA se rol is duidelik. Ons, as 'n multibelanghebberorganisasie, is bewaarders van die Etiese Kode van Goeie Praktyk en onpartydige ondersoeker in die toepassing van hierdie standaard. WIETA kan slegs deur die volgehoue toewyding van geouditeerdes tot die nakoming van hierdie standaard daarin slaag om etiese waarborge deur goedkeuring van die WIETA Billike Arbeidsertifiseringseël te verskaf. Volgehoue etiese arbeidspraktyke op plase en in kelders wat wyer strek as die oudit, kan egter nie altyd gewaarborg word sonder 'n streng risikoverligtingsraamwerk nie.

In 'n onlangse artikel het die uitvoerende hoof van Walmart, Doug McMellon, voorspel dat kleinhandelaars in die toekoms sal moet aanpas by klante en verbruikers wat...

... kies om te koop by kleinhandelaars wat deursigtigheid bied sodat hulle goed kan voel oor die items wat hulle koop. Dít sal van kleinhandelaars vereis om met vervaardigers saam te werk om items verantwoordelik en volhoubaar te verkry. Kleinhandelaars wat dit doen en die inligting deel sal dan klante se vertroue toenemend verdien.

Hy het voorts bygevoeg dat

... met al hierdie veranderings, sal kleinhandelaars slegs oorleef as hul besigheid gedeelde waarde skep wat aandeelhouers en die samelewing bevoordeel. Maatskaplike en omgewingsvolhoubaarheid sal sodoende in ons stelsels ingebou word, en dit sal die gemeenskappe waarin ons handel dryf versterk, wat om die beurt weer klante sal aantrek.

Hierdie veranderings sal egter nuwe vlakke van samewerking verg tussen kleinhandelaars en NRO's, regerings en opvoedkundige instellings. Ons moet basies kleinhandel en ander besighede so ontwerp dat alle belanghebbers (soveel as moontlik) voordeel trek: klante, vennote/ werknemers, aandeelhouers, die gemeenskappe wat ons dien en diegene in die verskaffingsketting.

Plaaslik, binne die wynbedryf, het deursigtigheid in wynverskaffingskettings en die behoefte om risiko te verlig prioriteit op die agenda ingeneem. Sommige van die voorste wynhandelsmerke het hul stem laat hoor en is besig om 'n benadering in te neem wat vereis dat besighede in hul verskaffingsketting verantwoordelikheid neem vir die versekering van mense se regte. Besighede moet verantwoordbaar gehou word vir enige negatiewe impak op arbeidsregte. Hulle moet verantwoordelikheid neem om te verseker dat die toepaslike verbeteringsmaatreëls in werking gestel word.

Internasionaal voldoen etiese kode- en ouditskemas soos SEDEX en BSCI aan streng reëls met betrekking tot etiese risikobestuur. Hulle het toegewyde stelsels en prosedures in plek wat deursigtigheid van verskaffers se aanlynstelsels bevorder en risikomatrikse implementeer wat ouditfrekwensiesiklusse allokkeer wat wissel van 1 tot 5 jaar na gelang van die graad van risiko geïdentifiseer in oudits. WIETA se Risikomatriks en -Ouditfrekwensie Beleid sal hierdie internasionale risikostelsels weerspieël.

WIETA sal voortgaan om te verseker dat ons oudits en ouditeurs streng bly en die standaarde stel vir 'n gemeenskap van beste ouditpraktyk en -bevoegdheid. Afgesien van die oudit, is ons ook opgewonde om in die jaar wat voorlê nuwe innovasies in deurlopende verbeterings met ons vennote te verken, plaaslik asook internasionaal.

Groete in etiese handel,
Linda Lipparoni
HUB

1 WIETA-risikomatriks en -ouditfrekwensie

Om risiko te verlaag, ouditfrekwensie in te stel en versekering van die oudituitkoms te verbeter.

Ten einde onsself selfs nouer met wêreldwye risikoverligtingspraktyk te belyn, het WIETA 'n beleidsdokument genaamd die WIETA-risikomatriks en -ouditfrekwensie ter tafel gelê by die verskeie vergaderings met vennote en die raad en die dokument is later by 'n werkswinkel aanvaar. Die WIETA-risikomatriks en –oudit frekwensie is voorgelê aan sy lede by die WIETA Algemene Jaarvergadering in June 2017.

Die WIETA-risikomatriks het ten doel om 'n stelsel te formaliseer wat daarop gemik is om

1. deursigtigheid van risiko en werkverrigting van druif- en wynverskaffers te skep;
2. die deurlopende verbetering van nakoming en etiese werkverrigting deur die allokasie van risikokategorieë, asook
3. veranderlike ouditfrekwensies wat wissel van 1 tot 3 jaar afhangend van die risikokategorie van die geouditeerde perseel, te bewerkstellig.

Vyf (5) risikokategorieë is geskep en word in die onderstaande tabel vertoon.

Opleiding en bewusmaking oor die risikomatriks sal in Junie en Julie 2017 plaasvind. Produsente word uitgenooi om by ons bewusmakingsveldtog in Junie en Julie aan te sluit wat in die verskillende wynstreke aangebied sal word. 'n Formele uitnodiging sal aan ons produsentelede gestuur word.

Ons ouditeure sal opgelei word om koherente en effektiewe implementering van die matriks te verseker. Ons sal verder konsultante wat produsente bystaan in die implementering van die etiese kode, na 'n aparte insiggewende werkswinkel uitnooi in Julie 2017.

Risikoklassifikasie	*Risikoaanwyser*	*Risikokategorie*	*Ouditsiklus*
Geen risiko - Goeie Praktyk	**A**	**GEEN RISIKO**	3 jaar
Lae risiko - Standaard Praktyk	**B**	**LAE RISIKO**	3 jaar
Medium Risiko— Nakomedn & Veilig	**C**	**MEDIUM RISIKO**	2 jaar
Hoë risiko – nie-nakomend	**D**	**HOË RISIKO met gemoniteerde deurlopende verbetering**	'n Her-oudit word vereis om die gradering te verbeter voordat sertifisering toegeken word
Baie hoë risiko – nie-nakomend	**E**	**BAIE HOË RISIKO met gemoniteerde deurlopende verbetering**	'n Her-oudit word vereis om die gradering te verbeter voordat sertifisering toegeken word

Billike Arbeidspraktykseël 2

Voorheen het die Seël Aansoekbeleid vereis dat 60% van die verskaffers tot 'n individuele wynaansoek gesertifiseer moet wees en die res (40%) slegs geoudit. Die hersiene Seël vereistes is as volg -

- Teen Januarie 2018 vir pars moet 80% van die verskaffers tot 'n individuele wynaansoek gesertifiseer word en 20% geoudit word
- Teen Januarie 2019 vir pars moet alle verskaffers, 100%, van 'n individuele wyn gesertifiseer wees. In wese sal dit slegs A-, B-, C- risikokategorie produsente insluit wat gesertifiseer is.

Status @ Inname

'n Verdere besluit is geneem dat die etiese status van die verskaffers wat bygedra het tot 'n wyn wat aansoek doen vir die Seël, oorweeg word op die datum van die inname van die druiwe en nie die huidige status soos voorheen die proses was nie. Operasionele vereistes vir die uitrol van die nuwe Seël vereistes word getoets in oorleg met vooraanstaande handelsmerke en kelders wat die Seël tans toepas. Meer inligting sal op 'n latere stadium hieroor gestuur word.

(vervolg op volgende bladsy)

Billike Arbeidspraktykseël Vereistes (vervolg)

Botteleringsfasiliteite

In die verlede, as 'n naspeurbaarheidsoefening vir die Billike Arbeidspraktyk Seël gedoen is, is slegs die kelders en produsente/plase in ag geneem. 'n Beleidsbesluit is deur die WIETA-raad geneem dat vir die Seël die hele voorsieningsketting wat op SAWIS verskyn, in ag geneem sal word en moet ingesluit word by die toets van 'n WS/WSB nommer. Botteleringsfasiliteite sal dus ook 'n WIETA-oudit en sertifisering vir enige toekomstige aansoeke vanaf **Januarie 2018** vir pars moet ondergaan. Alle bottelfasiliteite moet dus teen Januarie vir 2018 pars gesertifiseer word. Die kelders moet hul eksterne botteleringsfasiliteite van hierdie veranderinge inlig, aangesien dit die aansoek sal beïnvloed.

Enige navrae in hierdie verband kan gerig word aan Andrea Bredell by andrea@wieta.org.za

---

3 Insidentaanmelding & Kode-Oortredings

Etiese ouditering bly steeds 'n voorkeurmetodologie binne WIETA en talle internasionale kodeliggame. Ouditering bied egter altyd slegs 'n gedeeltelike voorstelling van die arbeids- en gesondheid- en veiligheidstoestand in die werkplek. Buiten derdeparty-ouditering, het maatskappye steeds die verantwoordelikheid om te verseker dat alternatiewe moniteringsmeganismes in plek is om arbeidstoestande in hul verskaffingskettings te bestuur. Sagter kwessies soos ongebalanseerde magsdinamika in die werkplek, wantroue, inherente konflik in die werkgewer-werknemer-verhouding en die vryheid van assosiasie is moeiliker kwessies om te identifiseer en te ontrafel in die loop van een ouditdag. Dikwels spoel hierdie kwessies oor na groter gemeenskapsgebaseerde konflikte en maatskaplike kwale wat buite die omvang van 'n driejaar-ouditsiklus val.

Talle internasionale oudit- en kodeliggame erken hierdie dilemma en vind dit, soos WIETA, uitdagend om te verseker dat hierdie kwessies na afloop van die oudit nie ontaard in arbeids- en menseregte-oortredings nie.

Twee van die meganismes wat wêreldwyd gebruik word om die beperkings van 'n eenmalige oudit te oorkom, is effektiewe griefmeganismes en werkeraanmelding, asook insidentaanmelding by multi-belanghebbers binne en buite die werkplek.

WIETA se kode-oortredingsprosedures maak voorsiening vir die aanmelding van enige oortredings of arbeidsoortredings by WIETA. 'n Onafhanklike ondersoek word dan geloods en remediërende en vergoedingsaksie word vereis.

Buiten die beslegting van die kwessie, was die bedoeling verder om kommunikasie en goeie werksverhoudinge onder WIETA-lede te bevorder, om in die gees van samewerking oortredings van die WIETA-kode in die wynverskaffingsketting te besleg, en ook vertroue te bou dat hierdie benadering resultate kan oplewer.

Werkermonitering is 'n belangrike deel van die meting van deurlopende arbeidsverbeterings. Verlede jaar het WIETA met vakbonde in die sektor die eerste in 'n reeks plaaslike werker-imbizos gekoördineer in gemeenskapsgebaseerde lokale regdeur die Wes-Kaap. Hierdie platform moedig werkers aan om ervarings te deel en terugvoer te gee oor beide goeie en slegte werkstoestande. In gevalle waar slegte toestande aangemeld word, word opvolg-inspeksies gedoen in oorleg met die Departement van Arbeid en die Departement van Landbou om die klagtes by te lê. Hierdie program sal voortduur regdeur 2017.

Corrective Action Plan

Please note that all Corrective Actions Plans, also knows as improvements plan, are now submitted on our online system at www.ethicaltrade.co.za. All audits done after 1 November 2016 must submit their plan online.

Auditors' Corner

Meet Levurn Jacobs

Levurn Jacobs has come a long way in the agricultural sector. Born in the rural town of Bredasdorp a town that is surrounded by farms she spent most of her school holidays with her grandparents on one of the farms. It was during these years that she developed a deep passion and love for the farm community and knew deep down inside she will one day be an agent of change for the community she loves so much.

Levurn studied education and teaching at UWC and returned back to Bredasdorp and took up a position as a community development worker for the rural areas and farms. She was predominantly involved in training farmers and workers about the Basic Conditions of Employment Act that was extended to farm workers in 1993. With her conflict resolution skills she was able to deal with labour disputes and assisted farmers and workers to find joint solutions to their differences.

She was later recruited by a few other NGO's involved in training and development in the farming communities/ agricultural sector. Levurn has always believed that community development can only happen if all parties are involved. She is a co-founder of a local NGO in Stellenbosch that facilitates training and community development in the agricultural sector.

She has been part of the WIETA family since its inception in 2001 as a member of the research team of the Ethical Trade Initiative who conducted research on farms in the Western Cape. She later become a staff member in the field of training and development and attended an ETI conference in 2006 which deepened her understanding of ethical trade and sparked her interested to conduct social audits for WIETA. It is an opportunity for workers and producers to sit around the table together and discuss and implement ethical practices in their business. Levurn was also a trainer for the Diversity Management Project and the part that she enjoyed the most was to see how the producer, supervisor, managers and workers developed their own plan to implement changes in the workplace.

Levurn is currently a lead social auditor for WIETA and enjoys every moment of it, because as she says "I can live out my purpose in life". She also conducts training with the workers and producers on the WIETA ethical code. Reflecting on her work, she is proud to be associated with WIETA as an organisation as it has and is still playing a significant role in effecting change in the farming community.

Members

1480 Producer members

1210 Audited members

1043 Certified members, of which 201 are conditionally certified

53.8%

Volume of all wine in South Africa is ethical